

25 Augustus 2019

Gr R tot Gr 3



Onthou om **DANKIE** te sê!

i

Hebreërs 12:18-29

Neem saam:

- 12 bokse met letters van die woord DANKBAARHEID daarop
- Draai bokse vooraf toe met geskenkpapier
- Letters van die alfabet.
- Gom en skêrtjies
- Penne of kryte

voorbereiding

OPENINGSGBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Neem 12 bokse (enige grote) en skryf of verf die letters van die woord: DANKBAARHEID, 'n letter per boks, daarop. Draai nou verder die bokse elkeen toe met geskenkpapier. Verduidelik vir die kinders dat ons vandag 2 oefeninge met die bokse

gaan doen. Hulle moet mooi luister na die opdragte en dan die oefening uitvoer:

1. Vir die eerste oefening gaan ons kyk hoe stewige toring julle met die bokse kan bou.

Alle bokse net reg bo-op mekaar, sal wel die hoogste toring bou, maar nie baie stewig nie. Stamp liggies aan die regop toring en wys dat dit wankelig is. Bou daarna een met 'n fondasie van meer bokse en 'n toring van meer bokse langs mekaar. Probeer weer dit omstamp – die keer sal die stewiger bokse nie wankel nie.

Verduidelik: Maats, ons het nooit gesê dat ons moet kyk hoe hoog die toring kan wees nie, maar wel hoe stewig. 'n Sterk fondasie maak ons toring ook sterk en sal keer dat dit omval.

2. Vir die tweede oefening gaan ons die geskenke oopmaak, maar eers 'n paar vrae:

Wie van julle hou van geskenke? Wat is jou gunsteling geskenk wat jy al gekry het? Wie het dit vir jou gegee? Het jy dit nogsteeds. *Gee aan die kinders geleentheid om te antwoord.* Dit is goeie maniere om

DANKIE te sê vir alles wat ons ontvang. Wanneer ons 'n geskenk ontvang wat toegedraai is, sê ons nie net dankie en sit die pakkie eenkant neer nie, ons maak dit oop om te kyk wat daarin is. Vandag se geskenke het elkeen 'n letter binne in. Kom ons kyk of jy

vir iets kan dankie sê wat begin met die letter wat op jou boks geskryf staan onder die geskenkpapier. Byvoorbeeld, as daar die letter "S" op is, kan jy dankie sê vir die Son en Sterre wat elke dag skyn.

Laat die kinders die bokse een vir een oopmaak. As hulle sukkel om iets te kry om voor dankie te sê, laat die ander maats help.

Daar is soveel om voor dankie te sê elke dag. Kom ons kyk of ons 'n woord kan pak met al die letters van die bokse bymekaar. Onthou, al die letters moet saam gebruik word in een groot lang woord.

Dit kan pret wees om ook te kyk hoeveel verskillende woorde daar met die letters gepak kan word.

gesels tyd (vervolg)

sing tyd

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedjie: Dankie

Dankie vir die môre, vir 'n nuwe dag
Dankie vir die sonskyn, wat so helder lag
Dankie ons kan werk en speel
Ons kan van U leer
Dat U so met liefde sorg, 'n duisend dankies Heer.

Lied 552 Liewe Vader, ek sê dankie

Liewe Vader, ek sê dankie vir die wêreld rondom my
Want die hemel en die aarde het ons als van U gekry.

Liewe Vader, ek sê dankie vir die lewe rondom my
Al die blomme en die diere het hul prag van U gekry

Liewe Vader, ek sê dankie vir die mense rondom my
Al my maatjies en familie wat in liefde by my bly

Liewe Vader, ek sê dankie dat ek soveel van U kry
Maar die grootste is U liefde wat ook in my hart kom bly.

BYBEL tyd

Wanneer ons die Bybel lees, dan sien ons dat God regtig baie lief is vir elkeen van ons. Hy het ons gemaak, en ons is syne. Hy is vir ons so lief en het besef dat ons as mens nooit self ons sondelas sal kan dra nie, en daarom het Hy 'n plan gemaak en Jesus na die aarde toe gestuur om ons sonde te kom wegwas, sodat ons vir ewig by Hom kan kom bly.

In die Bybel lees ons ook dat God belowe dat Hy eendag vir ons gaan kom haal om vir ewig by Hom te wees. Ons weet dat God nie 'n mens is wat kan lieg nie. As Hy iets belowe sal dit so wees. Sy belofte is vas en stewig. Onthou julle die bokse toring wat ons gepak het. Een lang reguit toring is nie baie stewig nie, maar een met 'n stewige fondament, kan sterk staan. Nou maats, wanneer ons God se belofte in die Bybel vat en glo dat dit ook vir my is wat Hy belowe Hy gaan kom haal, dan kan ons maar weet dat die belofte vas en waar is. En die gedagte daaraan maak ons dankbaar.

Ons moet ook elke dag dankbaar lewe, en hoe doen ons dit? Deur te lewe soos wat God van ons vra. Ons moet lief wees vir alle mense. Ons moet dankie sê vir alles wat ons het. En ons moet opgewonde wees vir die dag wat God gaan kom om ons te kom haal.

Die boek, Hebreërs, in die Nuwe Testament, leer ons ook dat ons moet dankbaar lewe. Kom ons lees daarvan uit die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit Hebreërs 12:28

Hierdie versie sê dat ons God se koninkryk ontvang wat onwankelbaar is. Dit beteken dat God se belofte waar is, niks kan dit laat omval of breek nie, nee, God se belofte is waar en stewig. En omdat ons die Koning van die Heelal aanbid, moet ons uit dankbaarheid uit lewe. Ons moet elke dag dankie sê vir alles om ons, ons moet lief wees vir God. Ons moet ook vir ander van Sy liefde vir ons vertel, en ons moet lewe soos God vir ons vra om te lewe in die Bybel. Dan sal ons vir ewig by God kan bly in die nuwe hemel.

doen & leer tyd

My naam help my om dankie te sê:

Laat die kinders die letters van hulle name uitsny en op 'n papier plak. Of help hulle en skryf groot die letters van hul naam onder mekaar. Laat hulle aan iets dink waarvoor hulle kan dankie sê wat begin met elke letter van hulle naam. Byvoorbeeld die naam: ELMA

E – eet: Dankie Jesus dat ons elke dag genoet het om te eet
L – lag: Dankie Jesus dat ek kan lag en gelukkig wees
M – mamma: Dankie Jesus vir my mamma
A – appels: Dankie dat appels my mooi gesond hou.


Moedig die kinders aan om vir mamma en pappa ook uit te daag om dankie te sê met hulle name.

Gee die kinders die geleentheid om elkeen in een sit vir iets dankie te sê en so ook aan God eer te gee in gebed.

groet tyd

Dankie Jesus dat U vir my lief is. Help my om elke dag dankie te sê vir alles wat U vir my gee en doen.

Amen



Letters van die Alfabet.

Knip die letters van jou naam uit en skryf langs elke letter iets waarvoor jy dankbaar is wat met daardie letter begin.

